

9 September

Skrifgedeelte: Jesaja 51:1-6

Fokusgedeelte: Jesaja 51:3

Elke dag 'n avontuur

Die volk van die Here is in ballingskap weggevoer. Hulle is v er van die beloofde land en die tempel in Jerusalem waar hulle die Here aanbid het en hulle offers gebring het. Dit was vanwe e hulle sondes en oortredings dat die Here so met hulle opgetree het. Die Here kondig egter deur sy profeet vir hulle uitkoms aan. God gaan 'n nuwe begin maak met sy volk. Hy gaan hulle verlos uit die ballingskap en hulle terugbring na die beloofde land. Hy gaan die stad Jerusalem en die tempel weer laat herbou. Hulle wat nou ellende en hartseer beleef gaan 'n juigende menigte word. Hulle gaan vol vreugde en blydskap wees oor die heerlike uitkoms wat die Here gaan bewerk vir di e wat op Hom vertrou en vra na sy wil. Hulle blydskap gaan duidelik word in hulle optrede. Hulle gaan God dank en tot sy eer sing.

Maak jou o e vandag opnuut oop vir die uitkoms wat God reeds in jou lewe bewerk het en steeds bewerk. Dink na aan die talle kere wat Hy jou kommer en hartseer in vrede en blydskap verander het. Deur jou geloof in Jesus Christus het God vir jou uitkoms gegee – Hy het jou uit die dood geruk en aan jou die ware lewe gegee, die ewige lewe wat altyd bly. Hy het jou verlos van 'n lewe waar jy self die heerser was en nou regeer Hy jou lewe deur sy Heilige Gees. Jy was lank moedeloos en depressief in jou lewe, maar God het nou vir jou 'n nuwe uitsig gegee. Jy was werkloos en Hy het voorsien. Dan word elke dag 'n avontuur saam met die Here en 'n reis vol vreugde en verbasing oor God se uitkomst in jou lewe.

Sing: Psalm 31:15, 17

Ds. Wicus van der Vyver (Silverton)